# Hey! Brokkies Nuus
# 22 Januarie 2012

HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

## Welkom terug in 2012 se skooljaar !!

## Wat het intussen alles gebeur ?



Dis pret om weer 10jr oud te wees!

**1. Hope 4 Kids Opleiding in Strand** Chris Bester het 2 toerustingsgeleenthede in die Strand gehad waar sowat 27 mense opgelei is. Meeste van hulle gaan by Lochnerhof betrokke wees. Ons is baie opgewonde oor die entoesiastiese groep wie hulself baie geniet het. Om weer kind te moes word vir die week was groot pret (soos op die foto gesien kan word!) Hierdie is alles deel van die proses om die aanbieders van die Bybelklasse by Lochnerhof laerskool in die Strand gereed te kry vir Februarie wanneer LAB4J, wat staan vir Lochies aan die brand vir Jesus, van die grond af kom.



Lawrencia laer:Hey! eer God vir oop deur

**2.Lawrencia laer in de Novo:** 2011 het afgesluit met die hartseer nuus dat ons (en alle buite organisasies wie akademiese tyd neem) nie meer die hele skool (gr1 tot 9) sal kan bedien nie. Die hoof en personeel kon egter getuig van die positiewe verandering in die kinders die laaste 2 jaar wat die blootstelling aan die verskillende Bybel klasse gehad het. Hiermee saam was baie gebid en God was getrou en die goeie nuus is dat Vanessa wel die hele skool mag bedien in 2012 !!! Ons is so dankbaar want hierdie kinders, wie sommige so sonder hoop is, het nodig dat "hope explosion" plaasvind deur Jesus alleen.



Welkom Magdel en gesin by Hey!

**3. Welkom Magdel Mc Carthy:** Lochnerhof se projek behels eintlik 29 klein projekkies aangesien dit die hoeveelheid klasse is waarvoor aanbieders, hulpmiddele ens benodig word. Om al hierdie te koördineer het 'n spesiale persoon nodig! Ons gebede is ook hier beantwoord en Magdel word deel van Hey!se span van Januarie af. Ons is opgewonde oor jou, Magdel..mag jy baie seën ervaar en die Heilige Gees se leiding ontvang vir hierdie belangrike taak!

Die nuwe lewe as Hoërskool kind



**4. Ons fokus op laerskool vlak bly ons hoof prioriteit**: Die foto van nuwe gr 8's en die nuwe vryheid en verantwoordelikheid wat hulle ervaar het my net weer laat besef hoe belangrik dit is om die laerskool kind te bereik voor hy hoërskool toe gaan. Statistiek dui daarop dat sowat 85% mense Jesus vertrou as hul enigste Verlosser voor die ouderdom van 15. Ons besef dat daar nie gewag kan word nie! Bid saam met ons dat die huidige oop deure in skole en gemeenskap effektief bedien sal kan word en kinders 'n keuse vir Jesus sal maak en dat volwassenes en kinders toegerus sal kan word om ander na die Here te lei ♥

**Dankie vir jou gebede, liefde en omgee! Celeste Steinmann 082 322 5299**